met
Kontak:
abrie.bu

**Deelnemers aan die Knysna-bergfietstoer het onlangs by die Silver Spur in Bellville byeengekom voordat hulle na Worcester vertrek het. Die toer is ten bate van die Give Me A Chance-organisasie, wat jong leerlinge help om hul potensiaal te bereik deur betrokke lede van die gemeenskap te word.**

Foto: Verskaf

# Toer vir liefdadigheid

DIE Knysna-bergfietstoer vir liefdadigheid het teen die derde skof reeds duisende rande vir die Give Me a Chance-liefdadigheid ingesamel.

Lee-Anne Stoffberg van Give Me a Chance, 'n Stellenbosse liefdadigheidsorganisasie, het gister gesê dat deelnemers reeds die R10 000-merk bereik het.

Deelnemers wat die 647 km-toer na Knysna aanpak, samel geld in deur mense te vra om hul per km te borg.

Die geld sal gebruik word om minderbevoorregte kinders se skoolfooie en ander skoolverwante uitgawes soos boeke, klere, skryfbehoeftes en sporttoerusting te dek.

Stoffberg sê die bedrag kan meer word wanneer die deelnemers terugkeer.

Elke deelnemer se mikpunt is om R2 000 per dag in te vorder. Die toer het Saterdag afgeskop en die deelnemers sal vandag hul vierde skof van Warmwaterberg na Calitzdorp pak en daarvandaan na George ry op hul vyfde skof.

Hulle sal Knysna Donderdag op hul sesde skof bereik en die toer met 'n padwedloop op hul sewende skof afsluit, voordat hulle na Kaapstad terugkeer.Give Me a Chance is in Oktober 2004 deur Delarey en Sandie Brugman gestig. Dié organisasie poog om belowende leerlinge te help om hul volle potensiaal te bereik sodat hul verantwoordelike en bydraende lede van die gemeenskap kan raak.

Indien jy belangstel om hulle te ondersteun, kontak Lee-Anne Stofberg by 021 885 1661 of stuur 'n e-pos na hope@givemeachance.co.za.